



Universiteit van Pretoria Jaarboek 2017

Fakulteit Regsgeleerdheid

Welkom by die Fakulteit Regsgeleerdheid

Die Fakulteit Regsgeleerdheid, soos gesien vanuit een perspektief, bestaan uit personeel, studente en die gebou. Dit is egter ook baie meer as dit: Dit verteenwoordig 'n idee, naamlik die idee van 'n samelewing wat deur regsreëls gereguleer word en nie deur individue nie. Hierdie idee word deur ons Fakulteit nagestreef deur te fokus op die reg en op uitnemendheid in alle afdelings van regsgeleerdheid. Dit word ook nagestreef deur te fokus op regsgeleerdes en deur ons studente daarop voor te berei om leiers van hul gemeenskappe te wees waar hulle die rol van die reg en regsbeginsels effektief kan bevorder.

Fakulteitsregulasies en -inligting

Die regulasies ten opsigte van grade wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan voor die aanvang van die akademiese jaar gewysig word.

Die Algemene Regulasies (G-regulasies) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis dat elke student volkome vertrouwd met hierdie regulasies sal wees. Onkunde betreffende hierdie regulasies sal nie as 'n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.

Raadpleeg ook die Algemene Reëls en Inligting op die Jaarboek-webblad vir bykomende inligting.

1. Vrystelling/krediete vir modules geslaag by ander instellings

Aansoek moet gedoen word op die voorgeskrewe vorm wat slegs by die Studenteadministrasiekantoor beskikbaar is en die volledige leerplan van die betrokke module moet die aansoek vergesel.

Oorskakelaars vanaf 'n ander instansie moet ten minste die helfte (50%) van die modules wat vir die LLB-graad benodig word aan hierdie Universiteit voltooi en moet ten minste twee jaar by hierdie Universiteit geregistreer wees.

2. Eksamenbeleid

Sien ook Algemene Regulasies en Reëls.

2.1 Algemeen

- Die eksamens vir eerstesemestermodules vind in Mei/Junie plaas, terwyl eksamens in tweedesemestermodules in Oktober/November plaasvind. Dit is elke student se verantwoordelikheid om op die amptelike eksamenrooster vas te stel wanneer sy/haar modules geskryf word.
- Die gebruik van enige korreksiepenne (bv Tipp-Ex) in toetse, eksamens en werkopdragte is verbode.
- Geen selfone of enige ander elektroniese kommunikasie-middele word in toets- of eksamenlokale toegelaat nie.

2.2 Toelatings- en slaagvereistes vir eksamens

Om tot die eksamen in 'n module toegelaat te word, moet 'n student 'n semesterpunt van minstens 40% behaal, met uitsondering van eerstesemestermodules op 100-vlak waar minstens 30% vereis word.

'n Student moet 'n finale punt van ten minste 50% hê om te slaag. Die finale punt is die gemiddelde punt van die semester- en eksamenpunt, maar die eksamenpunt is onderhewig aan 'n subminimum van 40%.

Sou die student nie die vereiste subminimum behaal nie, kan die dosent 'n hereksamen toestaan indien die finale punt hoër as 40% is.

Die slaagsyfer vir skripsies, seminare, ens is minstens 50%.

2.3 Aanvullende eksamens

Die eksaminatore kan 'n student na aflegging van 'n eksamen en voor bekendmaking van die eksamenuitslae oproep om 'n aanvullende eksamen oor bepaalde aspekte van die werk van 'n module af te lê.

2.4 Hernasien van eksamenantwoordstelle (sien ook Algemene Regulasie G.14)

Departemente gee na eksaminering terugvoering aan studente oor die raamwerk wat eksaminatore tydens eksaminering gebruik het. Die wyse waarop hierdie terugvoering geskied, word deur die departementshoof bepaal. Studente kan na insae en binne 14 kalenderdae na die aanvang van lesings in die volgende semester aansoek doen om die hernasien van 'n antwoordstel. Na betaling van die voorgeskrewe gelde, sal die antwoordstel hernagesien word deur 'n eksaminator wat deur die betrokke departementshoof aangewys is. Indien die hereksamen in die betrokke module reeds afgelê is wanneer die uitslag van die hernasien bekend word, sal 'n hereksamen nie aan 'n student toegestaan word op grond van die uitslae van die hernasien nie.

2.5 Hereksamens

- (i) Hereksamens in eerstesemestermodules vind na afloop van die Mei-/Junie-eksamen plaas en dié in tweedesemestermodules na afloop van die Oktober-/Novembereksamens.
- (ii) Om in die hereksamen te slaag, moet 'n student minstens 50% in die hereksamen behaal – die semesterpunt tel nie.
- (iii) Die hoogste finale punt wat in 'n hereksamen aan 'n student toegeken kan word, is 50%.

'n Finale punt van 40%-49% verleen outomaties toegang tot 'n hereksamen. Daar is **nie** 'n verdere geleentheid op 'n hereksamen indien 'n student om welke rede ook al die hereksamen nie op die geskeduleerde dag aflê nie.

2.6 Siekte-/buitengewone eksamens

'n Student wat nie op die geskeduleerde eksamendag sy/haar vraestel skryf nie, kan vir 'n siekte- of buitengewone eksamen by Studenteadministrasie aansoek doen. Elke geval word deur die Dekaan in oorleg met die Studentesakekomitee oorweeg. Dosente mag nie self reëlings met studente tref oor die toestaan van hierdie kategorie van eksamen nie. Die onus is op die student om vas te stel of sy/haar aansoek suksesvol was. Indien die aansoek suksesvol was, moet die student die buitengewone eksamen tydens die hereksamen aflê. Sodanige student kan nie vir 'n verdere hereksamen kwalifiseer nie.

Aansoeke vir bogenoemde eksamen, vergesel van 'n geldige mediese sertifikaat, moet by Studenteadministrasie ingedien word nie later nie as drie werksdae nadat die module geskryf moes word. Die gekykte verskoning van "verslaap" of "rooster verkeerd gelees" word nie aanvaar nie.

'n Student wat toestemming gekry het om 'n siekte-/buitengewone eksamen af te lê en dan afwesig is, kwalifiseer nie vir enige verdere sodanige aansoek nie.

'n Mediese sertifikaat wat lees dat die student na eie mening nie in staat was om die eksamen af te lê nie, sal nie aanvaar word nie.

'n Mediese sertifikaat wat nie die dokter/praktyk se fisiese adres en telefoonnommer bevat nie, sal nie aanvaar word nie.

Waar 'n student in die loop van sy/haar studie aan die Universiteit van Pretoria vir die vyfde (of meerdere)

keer aansoek doen om 'n buitengewone eksamen in 'n regsmodule, mag daardie student gevra word om voor die Studentesakekomitee van die Fakulteit te verskyn om te motiveer waarom hy/sy weer toegelaat moet word om 'n buitengewone eksamen te skryf.

In geval van 'n ander rede as siekte, moet die student 'n beëdigde verklaring aflê wat die rede vir afwesigheid tydens die eksamen vermeld. Verdere bewysstukke en stawende beëdigde verklarings van persone wat oor die situasie kan getuig, moet ook ingedien word. In die geval van 'n begrafnis, word 'n doodsertifikaat van die oorledene of ander stawende bewyse vereis, asook 'n uiteensetting van die verbintenis tussen die student en die oorledene.

Die algemene reël is dat 'n student nie kwalifiseer vir 'n siekte- of buitengewone eksamen as die student gekies het om die geskeduleerde eksamen te skryf terwyl hy/sy siek was nie. In buitengewone omstandighede mag die Studentesake-komitee anders beslis deur faktore in ag te neem soos die aard van die siektetoestand, die student se akademiese rekord en die student se prestasie in die geskeduleerde eksamen.

2.7 Spesiale eksamen

'n Finalejaarstudent wat aan al die vereistes vir die LLB-graad voldoen het, met uitsondering van hoogstens vier modules, kan toegelaat word tot 'n spesiale eksamen in Januarie van die volgende jaar. Die toepaslike fooie moet voor aflegging van die eksamen betaal word. Indien die module(s) nie geslaag word nie, moet die betrokke module(s) volledig herhaal word. Vir al vier (of minder) van hierdie modules moes die student ten minste eksamentoelating verkry het in die finale jaar van registrasie. Nieteenstaande bogenoemde sal 'n student wat slegs 'n enkele ontbrekende module benodig om die LLB-graad te behaal, toegelaat word om die Januarie spesiale eksamen af te lê as hy/sy op enige stadium in sy/haar studie minstens eksamentoelating in daardie ontbrekende module gehad het.

2.8 Klasbywoning

Klasbywoning in alle regsmodules en vir die volle duur van die LLB-program is verpligtend vir alle studente. Die vakhoof vir 'n spesifieke regsmodule moet die bywoningsvereistes van die bepaalde module in die studiegids uiteensit en hoe klasbywoning gemonitor sal word. 'n Student kan toelating tot die eksamen geweier word in 'n bepaalde regsmodule indien hy/sy nie voldoen het aan die gepubliseerde bywoningsvereistes vir daardie module nie.

3. Toetsbeleid

3.1 Semestertoetse

- Daar sal minstens twee evalueringsgeleenthede per semester- of jaarmodule wees vir die eerste drie jaar van die LLB-program en ten minste een evalueringsgeleentheid per semester vir die semester- of jaarmodules in die finale jaar.

Uitsonderings:

- Modules waarin die Fakulteit vooraf toestemming verleen het dat die semesterpunt anders bereken mag word.
- Waar 'n student net 'n siekte- of buitengewone toets aflê soos hieronder omskryf.
- Datums van amptelike semestertoetse mag alleenlik verander word met instemming van al die aanwesige lede van 'n klasgroep tydens 'n geskeduleerde lesing. Indien hierdie verskuiwing plaasvind, is die onus op elke student om daarvan uit te vind. Afwesigheid tydens die betrokke klas waar sodanige reëling getref is, sal nie as 'n verskoning aanvaar word nie.
- Studente is geregtig op insae in toetsantwoordstelle en opdragte, maar nie op die hermerk daarvan deur die dosent of 'n eksterne eksaminator nie. Die hoof van die betrokke department mag egter in

buitengewone omstandighede in oorleg met die Dekaan 'n reëling tref ten aansien van die hermerk van die toetsantwoordstel of opdrag. In die algemeen moet 'n aansoek om 'n hermerk gebring word binne twee weke nadat 'n toetsantwoordstel of opdrag aan die student beskikbaar gestel is.

3.2 Siekte-/buitengewone toetse

Daar is net een siekte- of buitengewone toetsgeleentheid en wél teen die einde van die semester. Studente moet self die besonderhede by hul dosente verkry. Die toets handel oor alle afgehandelde werk tot op die datum van die toets, tensy die betrokke dosent, in oorleg met die Departementshoof, anders aandui. Daar is geen spesiale reëling om 'n punt te verwerf in gevalle waar 'n evalueringseleentheid uit bv 'n taak of 'n reeks klastoetse saamgestel is nie.

'n Student wat 'n amptelike semestertoets nie op die geskeduleerde dag en tyd kan skryf nie, moet skriftelik aansoek doen om 'n siekte- of buitengewone toets te skryf.

Aansoeke moet skriftelik voor die datum van die toets by die dosent wat vir die administrasie van die module verantwoordelik is of by die betrokke departementele sekretaresse, ingedien word. Indien dit egter nie moontlik is nie, moet die aansoek binne drie werksdae ná die datum van die toets gebring word.

In die geval waar van 'n student vereis word om twee semestertoetse te skryf wat vir dieselfde dag en tyd geskeduleer is, moet die student die geskeduleerde semestertoets skryf in die module wat hy/sy herhaal en die buitengewone toets in die module wat hy/sy nie herhaal nie.

In die geval van siekte, moet die dokter wat die student behandel het, op die mediese sertifikaat verklaar dat die betrokke student volgens die dokter se oordeel nie in staat was om vir die toets voor te berei of dit te skryf nie weens die siektetoestand. 'n Mediese sertifikaat wat slegs aanvoer dat die pasiënt volgens sy/haar eie mening nie in staat is om voor te berei of die toets te skryf nie, is onaanvaarbaar.

'n Mediese sertifikaat wat nie die dokter/praktyk se fisiese adres, praktyknommer en telefoonnummer bevat nie, sal nie aanvaar word nie.

In geval van 'n ander rede as siekte, moet die student 'n beëdigde verklaring aflê wat die rede vir afwesigheid tydens die toets vermeld. Verdere bewys-stukke en stawende beëdigde verklarings van persone wat oor die situasie kan getuig, moet ook ingedien word. In die geval van 'n begrafnis, word 'n doodsertifikaat van die oorledene of ander stawende bewyse vereis, asook 'n uiteensetting van die verbintenis tussen die student en die oorledene.

Die geykte verskoning van "verslaap" of "rooster verkeerd gelees" word nie aanvaar nie.

Studente moet by dosente seker maak dat 'n siekte- of buitengewone toets toegestaan is. 'n Student wat 'n dosent nie self in die hande kan kry nie, moet die bewysstukke verkieslik persoonlik by die betrokke departementele sekretaresse indien.

Daar word rekord gehou van elke aansoek om 'n siekte- of buitengewone toets. Hierdie inligting kan later aan voornemende werkgewers wat aanbevelingsbriewe van die Fakulteit versoek, geopenbaar word.

'n Student wat toestemming gekry het om 'n siekte- of buitengewone toets af te lê en dan afwesig is, kwalifiseer nie vir enige verdere sodanige toets nie.

Waar 'n student twee of meer siekte-/buitengewone toetse wil aflê wat vir dieselfde dag en tyd geskeduleer is, moet die student skriftelik aansoek doen by die Studentesakekomitee om toegelaat te word om al die siekte-/buitengewone toetse af te lê. Die Studentesakekomitee moet die aansoek oorweeg en kan die aansoek om een of meer siekte-/buitengewone toetse te skryf, goedkeur of afkeur. As die aansoek om al die siekte-/buitengewone toetse te skryf, goedgekeur word, moet die komitee beslis hoe die botsing opgehef moet word.

Die algemene reël is dat 'n student nie kwalifiseer vir 'n siektetoets as die student gekies het om die



geskeduleerde toets te skryf terwyl hy/sy siek was nie. In buitengewone omstandighede mag die Studentesakekomitee anders beslis deur faktore in ag te neem soos die aard van die siektetoestand, die student se akademiese rekord en die student se prestasie in die geskeduleerde toets.

4. Bekendmaking van toets- en eksamenpunte

Dosente sal studente inlig oor waar toetsantwoordstelle beskikbaar sal wees. Die dosent sal by wyse van 'n skriftelike memorandum of klasbespreking terugvoering aan studente oor die semestertoets gee. Elke departement sal ook aan die studente bekendmaak hoe die hantering van puntewysigings en so meer in die betrokke departement hanteer word.

Dosente sal aan studente vooraf bekendmaak op welke dag daar insae in eksamen-vraestelle sal plaasvind. Tydens sodanige insaesessie sal daar dmv 'n skriftelike memorandum of andersins soos deur die betrokke dosent bepaal, terugvoering aan die studente verskaf word. Studente wat nie die amptelike insaesessie kan bywoon nie, moet op dieselfde wyse as vir siekte- of buitengewone toetse by die betrokke dosent vir 'n geleentheid om die eksamenantwoordstel te sien, aansoek doen. Geen dosent is verplig om later as twee weke na die aanvang van 'n nuwe semester sodanige insae aan 'n student toe te staan nie.

Finale punte sal op die studenteportaal beskikbaar wees.

Dosente is geregtig om eksamenantwoordstelle binne een jaar na verstryking van die betrokke eksamensessie te vernietig.

5. Hantering van probleme en spreekure van Dekaan en dosente

Indien 'n student 'n probleem het, moet hy/sy eers bepaal of die probleem met sy registrasie aan die Universiteit of 'n moduleregistrasie te doen het. In beide gevalle moet die Studenteadministrasie eers gespreek word.

'n Probleem wat betrekking het op die inhoud van 'n bepaalde module, moet eers met die betrokke dosent wat vir die module verantwoordelik is, opgeneem word. Indien die student nie op hierdie vlak met sy/haar probleme gehelp kan word nie, moet hy/sy eers die betrokke departementshoof spreek en daarna die Dekaan, indien nodig.

Dosente in 'n betrokke departement werk onder leiding van 'n departements-hoof. Dosente of die departementshoof kan tydens hulle spreekure gespreek word, of andersins per afspraak. Indien 'n dosent op afspraak gespreek moet word, moet daar 'n afspraak by die betrokke dosent of departementele sekretaresse gemaak word.

Studente kan die Dekaan spreek deur afsprake vooraf by die Dekaan se sekretaresse te maak.

6. Getuigskrifte benodig vir goeie gedrag

Studente wat hulle skuldig maak aan oneerlike gedrag word dissiplinêr aangekla. In die geval van skuldigbevinding kan 'n verskeidenheid van tugstappe geneem word, byvoorbeeld skorsing uit die Universiteit. Oneerlike gedrag sluit die volgende in: kopiëring van ander se werk (plagiat/afskrywery) tydens toetse en eksamens of vir doeleindes van werksopdragte; die onwettige gebruik van notas tydens toetse en eksamens; voorlegging van vervalste mediese sertifikate en aflegging van vals beëdigde verklarings.

Voornemende regstudente moet kennis neem dat die beheerliggame van die regsprofessie vereis dat elke persoon wat aansoek doen om toelating tot die professie, 'n getuigskrif van die Fakulteit Regsgeleerdheid voorlê om te bepaal of hy/sy 'n geskikte en gepaste persoon is vir toelating tot die professie. In die getuigskrif moet aangedui word of hy/sy te enige tyd voorheen enige kriminele oortreding begaan het en/of dissiplinêre stappe teen hom/haar geneem is. In sodanige gevalle word die aansoek deur die beheerliggaam oorweeg en is dit moontlik dat die aansoek geweier kan word. Let asb daarop dat dit die



administratiewe personeel van die Fakulteit Regsgeleerdheid tot 10 werksdae kan neem om sodanige getuigskrif voor te berei.



Voorgraadse Grade

LLB Regsgeleerdheid (04130012)

Duur van studie 4 jaar

Programinligting

Die LLB is 'n eerste, beroepsgerigte graad vir regsgeleerdes en voorsien gegradueerdes met die teoretiese kennis en praktiese vaardighede wat as grondslag dien vir toetrede tot die formele regsprofessie (bv prokureurs en advokate), of ander regsgerigte beroepe.

Toelatingsvereistes

- Ten einde te kan registreer vir die graadprogramme moet NSS/IEB/Cambridge-kandidate voldoen aan die minimum vereistes vir graadstudie asook die minimum vereistes van die betrokke program.
- Lewensoriëntering word uitgesluit by die berekening van die Toelatingspunttelling (TPT).
- Die volgende persone kan ook vir toelating oorweeg word: 'n kandidaat wat oor 'n sertifikaat beskik wat deur die Universiteit as gelykstaande aan die vereiste Graad 12-sertifikaat met toelating vir graaddoeleindes aanvaar word; 'n kandidaat wat 'n gegradueerde van 'n ander tersiêre instelling is of die status van 'n gegradueerde van so 'n instelling geniet; en 'n kandidaat wat 'n gegradueerde van 'n ander fakulteit van die Universiteit van Pretoria is.
- **Let wel:** Kandidate wat 'n BA (Regte)- of BCom (Regte)-graad aan UP behaal het, sal nie aan 'n keuringsproses onderwerp word nie en sal toegelaat word om outomaties vir die LLB-graad te registreer.
- Internasionale studente moet 'n volle vrystellingsertifikaat van "Universities South Africa" bekom voor hulle oorweeg sal word vir toelating.
- 'n Voorwaardelike vrystellingsertifikaat verleen nie toelating tot LLB-studie nie.
- LLB is 'n voltydse vierjaarprogram. Studente word nie toegelaat om voltyds te werk terwyl hulle geregistreer is vir LLB nie.
- Slegs aansoekers wat voldoen aan al die bogenoemde toelatingsvereistes sal oorweeg word vir toelating.
- Fakulteitskeuring: 'n Beperkte aantal studente word toegelaat.

Minimum vereistes vir 2017

Prestasievlak

Afrikaans of Engels

NSS/IEB	HIGCSE	AS-Level	A-Level	TPT
5	3	C	C	32*

*Kandidate met 'n TPT van 32 of hoër sal by ontvangs van hul aansoeke op 'n deurlopende basis tot 30 September aanvaar word, of totdat alle beskikbare plekke opgeneem is. Kandidate met 'n TPT van 38 of hoër sal deurlopend aanvaar word tot en met registrasie in Januarie van die volgende akademiese jaar, ongeag die getal kandidate wat reeds aanvaar is.

Ander programspesifieke inligting

Die Dekaan bepaal jaarliks watter keusemodules die betrokke jaar aangebied sal word met inagneming van beskikbaarheid van doserende personeel, ruimte- en finansiële implikasies en/of ander omstandighede. Die Dekaan mag die maksimum aantal inskrywings vir 'n bepaalde keusemodule bepaal. Voorts mag die Dekaan, in



oorleg met die betrokke departementshoof, bepaal dat 'n spesifieke vierdejaarkeusemodule nie aangebied sal word nie waar daar op die eerste dag van lesings nege of minder studente vir die module geregistreer is.

Die Dekaan het die diskresie om enige ander regsmodule(s) van gelyke standaard wat aan 'n ander instelling geslaag is, as keusemodule te erken.

Die volgende moet in gedagte gehou word:

- Studente moet hulself vergewis van die voorvereistes van modules uit ander fakulteite.
- Modules mag slegs geneem word indien dit geen roosterbotsings behels nie.
- Sommige modules is getalbeperk.

Ter kennisname: Studente wat van voorneme is om die LLB-graad te behaal, moet daarop let dat een van die vereistes vir die LLB-graad minstens 24 krediete uit die volgende lys van taalmodules is: AFR 110, AFR 120, AFR 114, ENG 118, ENG 110, ENG 120.

Keusemodules vir vierde studiejaar:

4 modules gekies uit die volgende lys:

- Reg en transformasie 410 (AMR 410)
- Aktes en notariële praktyk 410 (ANO 410) [voorvereiste: SAR 310]
- Alternatiewe geskilbeslegting 420 (AGF 420)
- Belastingpraktyk 420 (BLP 420)
- Effektereg 410 (LOC 410)
- Geneeskundige reg 410 (GRG 410)
- Grond- en grondhervormingsreg 420 (GHR 420)
- Inligting- en kommunikasietegnologiereg 420 (KUB 420)
- Internasionale humanitêre reg 420 (PUR 420)
- Internasionale keusemodule 1 (IET 411)
- Internasionale keusemodule 2 (IET 412)
- Internasionale keusemodule 3 (IET 413)
- Internasionale keusemodule 4 (IET 414)
- Internasionale privaatrek 410 (IPR 410)
- Kinderreg 410 (KID 410)
- Mediareg 420 (MDR 420)
- Munisipale reg 410 (MRG 410)
- Omgewingsreg 410 (OMR 410)
- Onderwysreg 420 (ONR 420)
- Praktiese regs-kunde 400 (PRR 400) (sien # hieronder) (20 krediete; 2 keusemodules)
- Reg en die gemeenskap 420 (CLW 420)
- Reg insake banke en finansiële instellings 410 (LBF 410)
- Regsleer 420 (JUR 420)
- Regsproblematiek van MIV en VIGS 410 (RHV 410)
- Skadevergoedingsreg 410 (SGR 410)
- Skynhof 420 (SKH 420)(studente wat UP verteenwoordig in die "African Human Rights Moot Court Competition" of in die "Phillip Jessup International Law Moot Court Competition")
- Sosiale sekerheidsreg 420 (SOR 420)
- Sportreg 420 (SRR 420)
- Statutêre misdade 410 (SMI 410)
- Transnasionale besigheidsreg 420 (TBR 420)
- Trusts en boedels 410 (TBS 410)



Praktiese regs-kunde 400

- (i) Die getal studente wat tot die module Praktiese regs-kunde (PRR 400) toegelaat word, word elke jaar vooraf deur die Dekaan in oorleg met die Hoof van die Departement Prosesreg bepaal.
- (ii) Voornemende studente moet aansoek doen om toelating tot die module.
- (iii) Indien meer studente aansoek doen as die getal wat tot die module toegelaat kan word, geskied keuring op grond van studente se vorige prestasies en 'n onderhoud met die Direkteur van die Regskliniek.
- (iv) Studente word bevorder op grond van toetse, bevredigende uitvoering van taakopdragte, sessies in die Regskliniek en 'n mondelinge eksamen.
- (v) Praktiese regs-kunde (PRR 400) tel 20 krediete en tel as twee keuse-modules.

Sekere modules is slegs van toepassing op uitruilstudente.

Algemene vereistes

Herhaling van modules en maksimum aantal modules per jaar

- Studente wat modules drui, moet sodanige modules in die daaropvolgende studiejaar herhaal.
- Studente mag egter slegs 200 krediete per jaar neem. (Dit sal beteken dat studente in sekere gevalle nie al die modules van 'n spesifieke studiejaar kan neem nie, aangesien die modules wat herhaal word eers geslaag moet word.) Die Dekaan kan na goeë dunnke toestemming verleen om van hierdie voorwaarde af te wyk.
- Dit is studente se verantwoordelikheid om in sodanige situasies modules te kies wat nie tot klas-, toets- of eksamenroosterbotsings aanleiding sal gee nie.

Erkenning van modules

Oorskakelaars vanaf 'n ander universiteit sal slegs krediet kan kry vir hoogstens 50% van die modules wat vir die graad benodig word en moet ten minste 50% van die modules by die Universiteit van Pretoria voltooi.

Dekaan se merietelys

Die studenteadministrasiekantoor publiseer die Dekaan se merietelys teen Maart van elke kalenderjaar. Die lys bevat die studentennommers, in kronologiese volgorde, van daardie studente wat in die voorafgaande kalenderjaar 'n geweeëde gemiddelde (maw in ooreenstemming met die kredietwaarde van elke module) van minstens 75% behaal het.

Die geweeëde gemiddelde word soos volg bereken: Die finale punt wat behaal is in elke module waarvoor die student in die voorafgaande kalenderjaar geregistreer het, word vermenigvuldig met die kredietwaarde van daardie spesifieke modules. Die waardes wat so bereken is, word dan bymekaargetel en gedeel deur die totaal van die krediete van al die modules waarvoor die student in die voorafgaande kalenderjaar geregistreer het. Die gemiddelde wat so bereken word, word nie afgerond nie.

'n Student wat bepaalde module(s) gedruip het of nie tot die eksamen toegelaat is in bepaalde module(s) in 'n gegewe kalenderjaar nie, mag nie op die Dekaan se merietelys verskyn vir daardie kalenderjaar nie. 'n Student wat vir minder as nege modules geregistreer het in 'n kalenderjaar mag nie vir daardie spesifieke kalenderjaar op die Dekaan se merietelys verskyn nie. Modules wat aan ander universiteite geslaag is word nie in berekening gebring om die geweeëde gemiddelde te bepaal nie.

Eksamens en slaagvereistes

Raadpleeg asseblief die Eksamen- en toetsbeleid soos vervat in die Fakulteitsregulasies.

Bevordering tot volgende studiejaar

Bevordering tot volgende studiejaar

(Volgens Regulasie G.3 kan die Fakulteitsraad vorderingsvereistes stel waaraan studente van die Fakulteit moet



voldoen alvorens hulle bevorder sal word.)

1. 'n Student moet modules ter waarde van 60 krediete slaag om na 'n volgende studiejaar bevorder te word.
2. 'n Student wat minder as 4 semestermodules geslaag het, word nie tot die Fakulteit Regsgeleerdheid hertoegelaat nie. Sodanige student wie se reg op hertoelating verval het, mag skriftelik by die Fakulteit se Toelatingskomitee aansoek doen om voorwaardelike hertoelating tot die Fakulteit – met die voorbehoud dat die Toelatingskomitee verdere voorwaardes ten opsigte van studente se vordering mag stel. 'n Student se aansoek om voorwaardelike hertoelating kan geweier word.
3. 'n Student wat voorwaardelik tot die Fakulteit hertoegelaat word, se studies sal na die eerstesemestereksamen nagegaan word om vas te stel of hy/sy aan die gestelde voorwaardes voldoen het.

Herregistrasie sal slegs toegelaat word indien 'n student die LLB-graad redelikerwys volgens die oordeel van die Toelatingskomitee binne die voorgeskrewe minimum tydperk van 4 jaar plus 2 verdere jare sal kan voltooi.

Slaag met lof

Om die 4-jaar LLB-graad met lof te slaag, moet 'n student 'n geweegde gemiddelde (maw ooreenkomstig die kredietwaarde van elke module) van minstens 75% ten opsigte van al die modules voorgeskryf vir die derde en vierde jaar van die LLB-graad, voltooi by hierdie Universiteit, behaal het. Die geweegde gemiddelde word soos volg bereken: Die finale punt wat in al die voorgeskrewe derde- en vierdejaarmodules vir die LLB-graad, met inbegrip van die keusemodules, behaal is word vermenigvuldig met die kredietwaardes van daardie modules waarna die waardes wat so bereken is, bymekaargetel word en gedeel word deur die totaal van die krediete van al die modules. Die gemiddelde wat so bereken word, word nie afgerond nie. 'n Student wat 'n derde- of vierdejaar-LLB-module, met inbegrip van enige van die keusemodules, gedruip het, kan nie die graad met lof behaal nie.

BA (Regte)-studente

Om die LLB met lof te slaag moet 'n BA (Regte) (UP)-student geweegde gemiddelde (maw ooreenkomstig die kredietwaarde van elke module) van minstens 75% behaal ten opsigte van die volgende modules wat by hierdie Universiteit voltooi is:

RPK 210 en 220

VBB 220

BLR 310

BWR 300

IGZ 320

ISR 310

ODR 320

PBL 310 en 320

SAR 310

VHD 320

ABR 410

PBL 410 en 420

PVR 420

SIP 400

SKY 410

SPR 400

Vier finalejaarkeusemodules

Die geweegde gemiddelde word soos volg bereken: Die finale punt wat vir elk van die bogenoemde modules, met



inbegrip van die keusemodules, behaal is word vermenigvuldig met die kredietwaardes van daardie modules waarna die waardes wat so bereken is, bymekaargetel word en gedeel word deur die totaal van die krediete van al die modules. Die gemiddelde wat so bereken word, word nie afgerond nie. 'n BA (Regte) (UP)-student wat enige van die bogenoemde modules, met inbegrip van enige van die keusemodules, gedruip het, kan nie die LLB-graad met lof behaal nie.

BCom (Regte)-studente

Om die LLB met lof te slaag moet 'n BCom (Regte) (UP)-student geweegde gemiddelde (maw ooreenkomstig die kredietwaarde van elke module) van minstens 75% behaal ten opsigte van die volgende modules wat by hierdie Universiteit voltooi is:

FMR 121
PBL 200
RPK 210 en 220
RPR 210
RVW 210
BLR 310
BWR 300
IGZ 320
JUR 310
PBL 310 en 320
ABR 410
PBL 410 en 420
PVR 420
SIP 400
SKY 410
SPR 400

Vier finalejaarkeusemodules

Die geweegde gemiddelde word soos volg bereken: Die finale punt wat vir elk van die bogenoemde modules, met inbegrip van die keusemodules, behaal is word vermenigvuldig met die kredietwaardes van daardie modules waarna die waardes wat so bereken is, bymekaargetel word en gedeel word deur die totaal van die krediete van al die modules. Die gemiddelde wat so bereken word, word nie afgerond nie. 'n BCom (Regte) (UP)-student wat enige van die bogenoemde modules, met inbegrip van enige van die keusemodules, gedruip het, kan nie die LLB-graad met lof behaal nie.

Kurrikulum: Jaar 1

Minimum krediete: 121

Fundamentele modules

[Regsleer 120](#) (JUR 120) - Krediete: 15.00
[Regsleer 110](#) (JUR 110) - Krediete: 15.00
[Akademiese oriëntasie 104](#) (UPO 104) - Krediete: 0.00
[Akademiese-inligtingsbestuur 102](#) (AIM 102) - Krediete: 6.00

Kernmodules

[English 120](#) (ENG 120) - Krediete: 12.00
[Personereg 110](#) (PSR 110) - Krediete: 10.00
[English for specific purposes 118](#) (ENG 118) - Krediete: 12.00



Romeinse reg 120 (ROM 120) - Krediete: 10.00
Afrikaans 110 (AFR 110) - Krediete: 12.00
Familiereg 121 (FMR 121) - Krediete: 15.00
Afrikaans 120 (AFR 120) - Krediete: 12.00
Afrikaans 114 (AFR 114) - Krediete: 12.00
Engels 110 (ENG 110) - Krediete: 12.00

Keusemodules

Geskiedenis 110 (GES 110) - Krediete: 12.00
Politiek 120 (PTO 120) - Krediete: 12.00
Geskiedenis 120 (GES 120) - Krediete: 12.00
Kriminologie 120 (KRM 120) - Krediete: 12.00
Sosiologie 110 (SOC 110) - Krediete: 12.00
Sosiologie 120 (SOC 120) - Krediete: 12.00
Kriminologie 110 (KRM 110) - Krediete: 12.00
Filosofie 120 (FIL 120) - Krediete: 12.00
Filosofie 110 (FIL 110) - Krediete: 12.00
Finansiële rekeningkunde 111 (FRK 111) - Krediete: 10.00
Politiek 111 (PTO 111) - Krediete: 12.00
Finansiële rekeningkunde 122 (FRK 122) - Krediete: 12.00

Kurrikulum: Jaar 2

Minimum krediete: 120

Kernmodules

Regsuitleg 210 (RVW 210) - Krediete: 10.00
Regspraktyk 210 (RPK 210) - Krediete: 10.00
Regspluralisme 210 (RPR 210) - Krediete: 10.00
Besondere kontrakte 220 (KTH 220) - Krediete: 15.00
Publiekreg 200 (PBL 200) - Krediete: 20.00
Erfreg 222 (ERF 222) - Krediete: 15.00
Kontraktereg 211 (KTR 211) - Krediete: 15.00
Regspraktyk 220 (RPK 220) - Krediete: 10.00
Verbruikersbeskerming 220 (VBB 220) - Krediete: 15.00

Kurrikulum: Jaar 3

Minimum krediete: 127

Kernmodules

Belastingreg 310 (BLR 310) - Krediete: 10.00
Navorsingsmetodologie 320 (RHP 320) - Krediete: 5.00
Insolvensiereg 310 (ISR 310) - Krediete: 10.00
Betalingsmetodes 320 (VHD 320) - Krediete: 10.00
Ondernemingsreg 320 (ODR 320) - Krediete: 12.00
Publiekreg 320 (PBL 320) - Krediete: 10.00
Intellektuele goederereg 320 (IGZ 320) - Krediete: 10.00
Deliktereg 320 (DLR 320) - Krediete: 15.00
Regsleer 310 (JUR 310) - Krediete: 10.00



Sakereg 310 (SAR 310) - Krediete: 15.00

Bewysreg 300 (BWR 300) - Krediete: 10.00

Publiekreg 310 (PBL 310) - Krediete: 10.00

Kurrikulum: Finale jaar

Minimum krediete: 140

Kernmodules

Arbeidsreg 410 (ABR 410) - Krediete: 10.00

Siviele prosesreg 400 (SIP 400) - Krediete: 15.00

Privaatreg 420 (PVR 420) - Krediete: 10.00

Publiekreg 410 (PBL 410) - Krediete: 10.00

Publiekreg 420 (PBL 420) - Krediete: 10.00

Strafprosesreg 400 (SPR 400) - Krediete: 15.00

Skripsie en seminaar 410 (SKY 410) - Krediete: 30.00



Magister

LLM (04250003)

Duur van studie 2 jaar

Programinligting

Indien toegelaat, mag 'n student dadelik vir die MPhil-program registreer. Die volgende twee of drie modules moet voor geregistreer en moet geslaag word binne een jaar vanaf registrasie:

1. Navorsingsmetodologie (RHP 802) wat deur die Fakulteit Regsgeleerdheid aangebied word

(Die Nagraadse Komitee van die Fakulteit Regsgeleerdheid, op aanbeveling van die studieleier, mag 'n student van die navorsingsmetodologiemodule vrystel indien die student genoegsame bewys kan lewer dat hy/sy oor die nodige navorsingsvaardighede vir die doeleindes van nagraadse studie beskik.)

2. Navorsingsvoorstel en verdediging van die navorsingsvoorstel (RHP 804)

'n Mondelinge verdediging van die navorsingsvoorstel insluitende die toetsing van die geldigheid van die verhandelingstelling, navorsingsvraag of -vrae en argument wat in die MPhil-verhandeling ontleed en ontwikkel sal word. 'n Konsep van die navorsingsvoorstel met inbegrip van 'n bibliografie wat die hoofvelde van die studie dek, asook die gronde vir die verhandelingstelling, navorsingsvraag of -vrae en argumente moet minstens drie weke voor die mondelinge verdediging aan die beoordelingspaneel gestuur word. (Die konsepvoorstel moet deur die studieleier goedgekeur word voordat dit aldus voorgelê mag word.) Die student moet die paneel oortuig van die geldigheid van die navorsingsonderwerp, kennis oor die navorsingsonderwerp en vermoë om die navorsing te onderneem. Waar die paneel dit verg, moet die voorgelegde konsepnavorsingsvoorstel verder gewysig word in lig van die kommentare tydens die verdediging daarvan en deur die toesighouer goedgekeur word, voordat die student mag voortgaan met die skryf van die verhandeling. (Geen vrystelling kan van hierdie vereiste verleen word nie.

'n Student wat nie aan bogenoemde twee modules se vereistes voldoen binne een jaar van registrasie nie, kan van die Fakulteit uitgesluit word. Indien hy/sy hertoelating tot die Fakulteit verlang, kan die Dekaan skriftelik versoek word om sy/haar aansoek om hertoelating tot die Fakulteit ingevolge die voorgeskrewe prosedure te oorweeg.

3. Gestruktureerde Navorsingsvoorstel Voorbereiding (RHP 806) (nie-kredietdraend)

Die studieleier mag vereis dat 'n bepaalde student 'n gestruktureerde program volg wat deur die studieleier bepaal word en deur die Nagraadse Komitee goedgekeur word. Die studieleier mag ook die voldoeningsvereistes vir die module, soos deur die Nagraadse Komitee goedgekeur, voorskryf.

Toelatingsvereistes

Onderhewig aan die bepalinge van die toepaslike Algemene Regulasies vir 'n kandidaat vir die LLM program moet 'n kandidaat ten minste oor 'n LLB of BProc-graad of gelykstaande graad van 'n buitelandse universiteit beskik om toegang tot die formele regsprofessie te verleen.

'n Kandidaat vir die LLM-program moet 'n geskrewe portefeulje indien wat bestaan uit onlangse navorsingsgebaseerde skripsies, werkopdragte of soortgelyk, asook 'n motiveringsbrief en voorlopige navorsingsvoorstel (500 woorde beskrywing van die voorgenome navorsingsveld wat die navorsingstema, die breë omvang van die voorgenome studie en 'n tentatiewe navorsingsprobleem aandui).

Indien van toepassing moet 'n kandidaat by SAQA aansoek doen vir evaluering van hulle buitelandse kwalifikasie.

'n Kandidaat sal slegs toegelaat word tot die LLM program indien hy/sy 'n minimum gemiddelde punt van 65% (of



gelykstaande aan hierdie punt) behaal het in die voorgeskrywe finalejaarmodules van die voorgraadse program (of gelykstaande graad). Indien ? punt onder 65% behaal is, mag die kandidaat toegelaat word op die aanbeveling van die toepaslike departementshoof na konsultasie met die potensieële studieleier(s) en inagneming van ander faktore, insluitend toepaslike werkervaring, ander akademiese kwalifikasies en enige toepaslike professionele toelatingseksamen.

? Kandidaat sal slegs tot die LLM- program toegelaat word indien die Fakulteit ? geskikte studieleier/promotor kan verskaf gebaseer op die kandidaat se voorlopige navorsingsvoorstel en geskrewe portefeulje. Indien die potensieële studieleier nie tevrede is met die voorlopige navorsingsvoorstel nie, moet die potensieële studieleier/promotor die kandidaat help met die ontwikkeling en formulering van ? navorsingsvoorstel voordat ? finale besluit oor toelating tot die program gemaak word.

Indien ? potensieële studieleier nie ? kandidaat aanvaar nie vir ? rede anders as die gebrek aan kapasiteit (huidige lading in studieleierskap/promotorskap of gebrek aan toepaslike kundigheid), kan die dekaan op advies van die nagraadse komitee, toepaslike opdragte aan die departementshoof voorskryf (soos om die aanbeveling van ? onafhanklike kundige te verkry) voordat ? finale besluit geneem word.

Addisionele vereistes

Sien ook Algemene Regulasies G.30-G.56 sowel as die LLM/MPhil Beleidsdokument van die Fakulteit Regsgeleerdheid.

Navorsing

Ten opsigte van die leergang geld die toepaslike Algemene Regulasies en die verhandeling dra 100% tot die finale punt by. Die verhandeling bestaan uit 36 000-48 000 woorde – voetnote ingesluit, maar die inhoudsopgawe en bibliografie uitgesluit. Die onderwerp van die verhandeling moet 'n onderwerp relevant tot 'n studieveld uit die regsgeleerdheid wees, soos deur die Dekaan goedgekeur. Saam met die finale kopie van die verhandeling moet 'n bewys dat 'n artikel by 'n joernaal ingedien is, ingehandig word. Die artikel moet gebaseer wees op die navorsing wat die student vir die verhandeling gedoen het en moet deur die studieleier goedgekeur wees.

Ooreenkoms

'n Skriftelike ooreenkoms moet tussen die student en die studieleier onderteken word. Die dokument dien as basis vir die interaksie tussen die student en die studieleier. Dit dui op hulle afsonderlike rolle, verantwoordelikhede en verwagtinge en stel dit duidelik dat hulle 'n bindende ooreenkoms met mekaar aangaan. Die studieleier dra volle verantwoordelikheid om toe te sien dat die verhandeling behoorlik deur die kandidaat voorberei word.

Slaag met lof

Ten einde die graad met lof te verwerf, moet 'n student minstens 75% vir die verhandeling behaal.

Kurrikulum: Jaar 1

Minimum krediete: 250

Kernmodules

Verhandeling: Regsgeleerdheid 890 (LLM 890) - Krediete: 200.00

Navorsingsvoorstel en mondelinge verdediging van navorsingsvoorstel 804 (RHP 804) - Krediete: 0.00

Navorsingsmetodologie 802 (RHP 802) - Krediete: 5.00

Kurrikulum: Finale jaar

Minimum krediete: 250



Kernmodules

Navorsingsvoorstel en mondelinge verdediging van navorsingsvoorstel 804 (RHP 804) - Krediete: 0.00

Verhandeling: Regsgeleerdheid 890 (LLM 890) - Krediete: 200.00

LLM Arbeidsreg (Gedoseer) (04252005)

Duur van studie 2 jaar

Kontak Prof BPS van Eck stefan.vaneck@up.ac.za +27 (0)836517830

Programinligting

Sluitingsdatum vir aansoek: (Slegs) SA aansoekers – 30 November.

Hierdie program is nie beskikbaar vir internasionale studente nie.

Behalwe as anders aangedui, word die leergang normaalweg as volg saamgestel:

- Drie modules wat elk 30 krediete tel (ten minste een van die modules moet gedurende die eerste jaar van registrasie voltooi word).
- 'n Module in Navorsingsmetodologie (RHP 801) wat 5 krediete tel (hierdie module moet gedurende die eerste jaar van registrasie voltooi word).
- 'n Navorsingsvoorstel (RHP 803) wat 5 krediete tel. Die student moet die navorsingsvoorstel (RHP 803) nie later nie as die einde van die eerste semester van die tweede jaar van registrasie vir die LLM-graad, en voor met die skryf van die miniverhandeling begin word, by die studieleier indien. Sodanige tydperk kan met die goedkeuring van die betrokke departementshoof verleng word.
- 'n Miniverhandeling word vereis. Die eksamenkopie van die miniverhandeling moet nie later nie as einde Oktober vir die Herfspromosieplegtigheid, einde April vir die Lentepromosieplegtigheid en einde Augustus vir die Desemberpromosieplegtigheid by Studenteadministrasie ingedien word. Na goedkeuring van die eksamenkopie van die miniverhandeling moet die finale weergawe op of voor 15 Februarie vir die Herfspromosieplegtigheid, 15 Julie vir die Lentepromosieplegtigheid en 15 November vir die Desemberpromosieplegtigheid by Studenteadministrasie ingedien word. Sodanige miniverhandeling moet handel oor die vakinhoud van een van die modules of 'n kombinasie van die modules waarvoor die student vir sy/haar LLM-graad geregistreer is. Enige versoek vir 'n verlenging van die tydperk vir indiening van die miniverhandeling mag net deur die Nagraadse Komitee op aanbeveling van die betrokke departementshoof toegestaan word.

Toelatingsvereistes

'n LLB, BProc of gelykwaardige kwalifikasie van 'n buitelandse universiteit wat toelating tot die regsprofessie verleen.

Inligting slegs in Engels beskikbaar.

Addisionele vereistes

Duur

Die duur van die graadprogram is normaalweg vier semesters (2 jaar) met dien verstande dat die graad wel in twee semesters (1 jaar) voltooi kan word mits aan al die vereistes vir die voltooiing van die graad voldoen is, onderhewig daaraan dat die volle voorgeskrewe klagelde vir die LLM-graad betaal is. Programme mag ook spesifiek vir een jaar studie gestruktureer word. Die een- of tweejaarperiode mag slegs deur die Nagraadse Komitee verleng word op aanbeveling van die Departementshoof, en indien goeie rede aangetoon word en dit



duidelik is dat die student binne 'n verdere jaar van studie die program sou kon voltooi.

Hierdie inligting is slegs in Engels beskikbaar.

General admission requirements

In addition to an LLB, BProc or equivalent qualification from a foreign university that allows the applicant entrance to the formal legal profession, the following requirements are set for admission of a prospective student to the LLM Coursework programme:

A minimum average mark of 65% with respect to the prescribed final-year modules of the undergraduate programme is required for admission to an LLM coursework programme.

Where an average of below 65% is achieved, the student may be admitted on recommendation of the relevant head of department after consultation with the programme coordinator and consideration of other merits (eg relevant professional experience; the applicant's performance in undergraduate modules related to the particular LLM; the candidate's performance in independent research essays or similar components) and/or an admission examination.

Linguistic competence, primarily in English; foreign applicants who did not complete undergraduate studies through the medium of English must show proof of competence in English at a minimum average level of 6 out of 10 for IELTS or a minimum total score of 83 in TOEFL calculated as follows: reading 21, listening 17, speaking 23 and writing 22. In any other instance where there is doubt as to the English linguistic competence of an applicant, the Dean may require the same proof as prescribed for foreign applicants.

Foreign qualifications are subject to SAQA evaluation. (Some LLM coursework programmes or modules as indicated in the yearbook may only be available to students who hold a relevant South African legal qualification.)

Even though a student may comply with the above requirements, the Dean may, on the recommendation of the head of department presenting a specific degree or module, refuse to accept a prospective student for any LLM programme if such a student's performance in the chosen modules or field of study during undergraduate study was not satisfactory. Alternatively, the Dean could set additional requirements with a view to admission

An admission examination may also be required in respect of a particular programme or module.

Particular LLM programmes have additional selection criteria and deadlines specific to those programmes

Ander programspesifieke inligting

1. Een van 'n voorgeskrewe lys van modules mag vervang word met enige ander gedoseerde LLM-module soos aanbeveel deur die betrokke programkoördineerder en goedgekeur deur die departementshoof.
2. Slegs studente met 'n Suid-Afrikaanse LLB of BProc mag vir sekere modules registreer.
3. Die miniverhandeling moet 13 000-15 000 woorde beslaan- voetnote ingesluit maar die inhoudsopgawe en bibliografie uitgesluit.
4. Die volgende is die kernmodules en moontlike keusemodules vir hierdie graad, maar nie al die modules word elke jaar aangebied nie. Kontak asseblief die fakulteit om uit te vind watter van die modules aangebied word.

CLL 802 Kollektiewe arbeidsreg (30 krediete)

IVL 801 Individuele arbeidsreg (30 krediete)

en EEN van die volgende modules:

ITA 802 Internasionale arbeidsreg (30 krediete)



GSR 802 Gevorderde sosiale sekerheidsreg (30 krediete)

Eksamens en slaagvereistes

Behalwe met goedkeuring van die Nagraadse Komitee word geen student toegelaat om sy/haar studies voort te sit in die geval waar geen modules tydens 'n spesifieke jaar van registrasie geslaag is nie.

Hoewel geen hereksamen met betrekking tot LLM-modules toegestaan word nie, geld die Algemene Regulasies (Regulasie G.12.3 en G.12.6) met betrekking tot spesiale en aanvullende eksamens.

Navorsing

Die betrokke departementshoof moet 'n studieleier en onderwerp vir 'n mini-verhandeling aanbeveel vir goedkeuring deur die Nagraadse Komitee. Die mini-verhandeling moet geassesseer en afgehandel word soos vervat in die LLM Beleidsdokument van die Fakulteit soos goedgekeur deur die Fakulteitsraad.

Waar 'n miniverhandeling vereis word, moet dit ingedien word in die formaat soos deur die studieleier bepaal en deur die Nagraadse Komitee goedgekeur. Die studieleier mag insgelyks en onderhewig aan die goedkeuring van die Nagraadse Komitee die navorsingsonderwerp en die bestek van die beoogde navorsing bepaal.

Slaag met lof

Ten einde die graad met lof te verwerf, moet 'n student 'n gemiddelde van minstens 75% in al die gedoseerde modules behaal, sowel as 75% vir die miniverhandeling. Die gemiddelde vir die modules moet tydens die eerste eksamenpoging behaal word.

Algemene inligting

Taalbeleid

Die onderrigtaal is Engels, maar waar omstandighede dit toelaat, kan 'n LLM-module in Afrikaans aangebied word. Die Dekaan, in oorleg met die betrokke departementshoof, bepaal die taalbeleid.

Tydperk van inskrywing

Studente moet wanneer die betrokke module 'n aanvang neem, ingeskryf wees en die bepaalde module se lesings bywoon. Andersins moet die betrokke studieleier en departementshoof se toestemming verkry word, alvorens 'n student toegelaat sal word om 'n bepaalde module in 'n ander studiejaar te doen.

Beperking met betrekking tot aanbieding van modules in 'n spesifieke akademiese jaar en beskikbaarheid van modules vir buitelandse studente

Die Dekaan bepaal jaarliks watter modules die betrokke jaar aangebied sal word met inagneming van die beskikbaarheid van doserende personeel, ruimte- en finansiële implikasies en/of ander omstandighede. Voorts mag die Dekaan, in oorleg met die betrokke departementshoof, die maksimum aantal inskrywings vir 'n bepaalde keusemodule bepaal aan die hand van die voorgeskrewe riglyne bepaal. Die Dekaan mag verder, in oorleg met die betrokke departementshoof, besluit dat 'n LLM-module nie aangebied sal word waar daar op die eerste dag van lesings vier of minder studente vir die module geregistreer is nie.

In die geval van buitelandse studente kan die Dekaan addisionele vereistes stel en die beskikbare modules vir hierdie studente mag ook beperk word.

Vervanging van modules

Die Dekaan mag, op aanbeveling van die betrokke departementshoof, 'n student toelaat om een voorgeskrewe LLM-module vir 'n bepaalde LLM-program deur 'n ander LLM-module te vervang waar sodanige uitsondering nie andersins toegelaat word nie en indien goeie rede vir sodanige uitsondering aangetoon word.



Erkenning van modules wat aan 'n ander instansie voltooi is

Die Dekaan mag op aanbeveling van die betrokke departementshoof 'n student met 'n maksimum van twee modules wat aan 'n ander instelling voltooi is, krediteer mits dit aan die vereistes van hierdie Fakulteit voldoen. Waar sodanige modules nie dieselfde benaming het as modules wat deur hierdie Fakulteit aangebied word nie, kan krediet in die plek daarvan verleen word aan modules met wesenlik dieselfde inhoud soos deur die betrokke departementshoof bepaal, of, in die afwesigheid van sodanige nou-verwante modules, kan krediet verleen word aan modules wat steeds relevant is binne die breë spektrum van 'n spesifieke LLM-graad en onder spesiale kodes vir die doeleindes van sodanige graad. Bykomende vereistes mag gestel word alvorens enige sodanige module erken word ten einde voldoening aan die vereistes van hierdie Fakulteit te verseker.

Erkenning van nie-regskomponente

Ten einde te kwalifiseer vir 'n LLM-graad met nie-regskomponente kan hoogstens een van die modules wat uit verbandhoudende nie-regskomponente bestaan, erken word met spesiale toestemming van die Fakulteitsraad. Neem kennis dat geen erkenning verleen sal word aan modules wat deel vorm van 'n graad waarvoor die student reeds aan die graadvereistes voldoen het, of waar die student gelyktydig vir meerdere grade geregistreer is nie.

Herregistrasie vir modules

'n Student mag nie meer as twee keer vir dieselfde module registreer nie. 'n Finale punt van 50% moet behaal word ten einde 'n module te slaag.

Kurrikulum: Jaar 1

Minimum krediete: 200

Kernmodules

Kollektiewe arbeidsreg 802 (CLL 802) - Krediete: 30.00

Individuele arbeidsreg 801 (IVL 801) - Krediete: 30.00

Miniverhandeling 800 (MND 800) - Krediete: 100.00

Internasionale arbeidsreg 802 (ITA 802) - Krediete: 30.00

Navorsingsmetodologie 801 (RHP 801) - Krediete: 5.00

Navorsingsvoorstel 803 (RHP 803) - Krediete: 5.00

Kurrikulum: Finale jaar

Minimum krediete: 200

Kernmodules

Miniverhandeling 800 (MND 800) - Krediete: 100.00

Navorsingsvoorstel 803 (RHP 803) - Krediete: 5.00

LLM Bankreg (Gedoseer) (04250103)

Duur van studie 1 jaar

